HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

RANDJIENUUS
20 FEBRUARIE 2024

Verteenwoordigers van die Studenteraad 2024!

Baie geluk aan die graad 8- tot 12-lede wat as 2024 se **VSR** gekies is. Ons weet julle sal Randburg as trotse **ambassadeurs** dien.

Baie geluk!

Graad 10

Graad 11

Graad 12

Baie geluk!

RNA

Die RNA-uitsendings van 2024!

Leerders skakel elke tweede Vrydag in om Hoërskool Randburg se suksesse te vier, mense te leer ken en 'n blik op die wyer wêreld te kry.

AKADEMIE

MATRIEKUITSLAE 2023

Tydens die jaarlikse SOS- (Skole Ondersteuningsentrum) prysuitdeling, is Hoërskool Randburg vir hulle uitstekende Matriekuitslae van 2023 vereer.

Hoërskool Randburg ontvang die volgende toekennings:

- 'n Uitsonderlike prestasie vir die totale aantal onderskeidings per leerder - **345 onderskeidings** word behaal en Hoërskool Randburg is in die **20ste plek** van al die Afrikaanse skole in die land.
- Hoërskool Randburg word ook vir die aantal onderskeidings (2.18) per kandidaat in die Nasionale Senior Sertifikaateksamen in 2023 vereer en staan in die **13de plek** in die land met hierdie uitslae.

Ons spog ook graag met ons matrieks van 2023 en ons **Afrikaans departement**. Tydens die SOS-skole ondersteuningsentrum-prysuitdeling is ons Afrikaanse departement met hulle uitstekende matriekuitslae vir 2023 vereer. Tydens die Nasionale Senior Sertifikaateksamen het ons matrieks **35** onderskeidings vir Afrikaans Huistaal ontvang. Hulle is tans landswyd **18de** vir hierdie uitstekende uitslae!

DISTRIKSPRYSUITDELING

Op 16 Januarie is Hoërskool Randburg na die Distriksprysuitdeling uitgenooi. Ons deel met trots Hoërskool Randburg se prestasies!

- ★ Hoërskool Randburg is een van die top vyf skole met 'n 100% slaagsyfer.
- ★ Hoërskool Randburg is die skool met die beste uitslae in Kring 4.

Hoërskool Randburg het **twee leerders** in die top tien in die JHB-Noord-distrik.

1. Shani Jansen van Rensburg is nommer EEN in JHB-Noord-distrik.
2. Shané Mengel is negende in die JHB-Noord-distrik.

Hoërskool Randburg ontvang nege vakprestasies!

Vakprestasies: Nommer EEN in Distrik:

1. Shani Jansen van Rensburg: Engels FAL
2. Shani Jansen van Rensburg: Afrikaans Huistaal
3. Shani Jansen van Rensburg: Ekonomie
4. Shani Jansen van Rensburg: Rekenaartoepassingstegnologie (RTT)
5. Jana van den Berg: Ontwerp
6. Melissa Colin: Dans
7. Lara Lategan: Toerisme
8. Mia Le Roux: Lewensoriëntering
9. Jessica Hodgson: Musiek

Baie geluk aan al die matriekleerders en matriekonderwysers! Hierdie is uitsonderlike uitslae en maak ons trots om Randjies te wees!

Shani Jansen van Rensburg

Nommer 1 in die Distrik

★★★★

Shané Mengel

Negende in die Distrik

★★★★

Shani Jansen van Rensburg

Vakpryse:
Engels FAL, Afrikaans Huistaal, Ekonomie, RTT

★★★★

Jana van den Berg

Vakprys:
Ontwerp

★★★★

Melissa Colin

Vakprys:
Dans

★★★★

Lara Lategan

Vakprys:
Toerisme

★★★★

Mia le Roux

Vakprys:
Lewensoriëntering

★★★★

Jessica Hodgson

Vakprys:
Musiek

★★★★

MUSIEKMATRIEKS 2023

Baie geluk aan ons musiekmatrieks van 2023 wat met hulle gemiddeld **van 85,3%** tweede in Gauteng is. Daar was **NEGE** kandidate en **AGT** onderskeidings met 'n gemiddeld van **85,3%**. **Jessica Hodgson** het **96%** behaal. Dankie aan al die musiekpersoneel wat net so hard gewerk het.

SPEECH GUILD

Baie geluk aan ons **twee graad 10-*Speech Guild* spanne** wat hulself op 14 Februarie, te Northcliff High School, uitstekend van hul taak gekwyt het. Die spanne het onderskeidelik 'n **A⁺ en B⁺** behaal.

SPORT

TENNIS

Die tennisdogters het hulle liga met 'n oorwinning teen Roedean afgeskop.

(A-span) 58-23	(B-span) 40-41

Baie geluk aan die **B-span-tennisdogters** wat op 15 Februarie teen King David Linksfield gewen het!

Ons is baie trots op julle!!

SWEM

Ons swemspan het op 1 Februarie die eerste swemgala vir die seisoen by Bryanston High School gehad. Ons het tweede na Crawford Lonehill geëindig. Bryanston High School was derde en Fourways High School vierde. Ons swemmers het baie goed gevaar en ons is baie trots op hulle almal.

Fantastiese prestasies!

Ons swemspan het op Donderdag, 15 Februarie te Trinityhouse Randpark Ridge aan 'n swemgala deelgeneem. Ons het tweede teen Bryanston High School en Trinityhouse Randpark Ridge geëindig.

ATLETIEK

Baie geluk aan ons **top 14** atlete wat op 31 Januarie aan die TUT - Top 14-byeenkoms deelgeneem het.

Randburg eindig derde in hierdie kompetisie met 'n gemiddeld van 868 punte per atleet!

MARNO WHITE

DISKUS -
855 PUNTE
GEWIGSTOOT-
780 PUNTE

MEGAN KLEYNHANS

800M
829 PUNTE
1500M
805 PUNTE

KEVIN MARAIS

1500M
800 PUNTE

MIGNON LA GRANGE

DISKUS -
952 PUNTE
GEWIGSTOOT-
922 PUNTE

WILLIE LINDEQUE

DISKUS -
835 PUNTE
GEWIGSTOOT-
805 PUNTE

KAILI BOTJE

100M
916 PUNTE
200M
947 PUNTE

CHANÉ VERMEULEN

100M
936 PUNTE
200M
988 PUNTE

Baie geluk met julle besonderse prestasies op die dag!

FIETSRY

Erik Breedt (gr. 10) het op 11 Februarie 2024 aan die Gauteng Baankampioenskappe deelgeneem. Erik het 'n uitmuntende prestasie gelewer deur vyf eerste plekke te behaal en dus die **algehele wenner** in sy ouderdomsgroep te wees en **tweede** in al die afdelings van die dag te plaas. Hy verwerf dus sy Gauteng kleure in baanfietsry vir *Individual Pursuit, Time Trial, Points race, Scratch race en 200m Sprint.* Erik het ook vroeër die maand aan die *Summer Fast One* deelgeneem en het in sy ouderdomsgroep **gewen** en was algeheel **tweede** vir die dag.

Evan Naudé (gr. 9) het aan die *Gauteng Cycling Cross Country (XCC #1)* by Grootfontein deelgeneem en het 'n **eerste** plek in die sub-junior seunsafdeling verwerf. Evan vaar net so uitstekend by die Gauteng Baankampioenskappe deur 'n **eerste** plek vir die *time trial* wedren te behaal. Hy verwerf 'n **derde** plek vir die padkampioenskappe in sy ouderdomsgroep, *sub junior*.

Jayden Naude (gr. 11) het in die *junior men*-afdeling deelgeneem en het 'n **sesde** plek by die *Gauteng Cycling Cross Country (XCC #1)* by Grootfontein behaal. Tydens die *Summer Fast One* vroeër die maand het Jayden tweede in sy ouderdomsgroep, *junior men*, geëindig.

Reinhardt Strydom (gr. 9) het op 11 Februarie aan die *Monte Casino Classic* 90km deelgeneem en het **vierde** in die o/17-afdeling, met 'n tyd van 02:38 uur, geëindig.

Baie geluk met jul uitstekende prestasies!

KRIEKET

MEISIESKRIEKET

Hoërskool Randburg teen Orange Farm, die meisieskrieket skop met baie opwinding af. Die dogters speel met gees, passie en liefde.

Ons krieketmeisies klop Randpark High met nege paaltjies. **Abby Jacobs (gr. 8)** neem vyf paaltjies, met 'n dubbele driekuns (vier paaltjies in 'n ry).

Baie geluk Randjies, mag 2024 'n spogjaar wees vir hierdie meisies!

SEUNSKRIEKET

Krieketuitslae teen Northcliff, 2 Februarie en 3 Februarie 2024:

★ Die o15/B's klop Northcliff met 77 lopies. Jaco Kahts neem drie paaltjies, Johan Badenhorst neem een paaltjie met 'n ekonomie van 1.0 per beurt.

★ Die o16/A's klop Northcliff met een paaltjie. Jayden Jordaan skitter deur vier paaltjies te neem. Josef van den Berg boul vier beurte vir slegs agt lopies, ekonomie van 2.0. Jacey Van Tonder en Josef van den Berg teken elk 35 lopies aan.

Krieketuitslae vir 2 Februarie en 3 Februarie 2024 teen Northcliff:

Die o/15B's klop Northcliff met 77 lopies. **Jaco Kahts** neem drie paaltjies, **Johan Badenhorst** neem een paaltjie met 'n ekonomie van 1.0 per beurt.
Die o/16A's klop Northcliff met een paaltjie. **Jayden Jordaan** skitter deur om vier paaltjies te neem. **Jacey van Tonder** teken 35 lopies aan, sowel as **Josef van den Berg**.

Krieketuitslae vir 10 Februarie 2024 teen St. Davids:

Die o/15A's klop St. Davids met nege paaltjies. **Graeme Kitching** neem vyf paaltjies.
Die o/16A's klop St Davids met 170 lopies. **Jacey van Tonder** teken 55 lopies aan.
Die Eerste span klop St. Davids met agt paaltjies. **Josef van den Berg** teken 55 lopies aan.

Krieket teen Jeppe en St. David's:

o/14A: **Joshua Swart** teken 70 lopies aan, **Bryce du Toit** teken 41 lopies aan.
o/15A: **Tiaan Muller** teken 51 lopies aan.
o/16A: **Jayden Jordaan** neem drie paaltjies.
Tweede span: **Kael Farquhar** neem drie paaltjies.
Eerste span: **Tristan Nel** teken 26, nie uit nie, aan.

Baie geluk manne met hierdie mooi uitslae!

Pienkdag 2024

12 Februarie 2024 - Ons vier ons elke Randjie-dogter. 'n Randjie-dogter is iemand wat die wêreld kan verander, wat ander opbou en ondersteun. Sy is sterk en glo in haarself. Sy kan die moeilike dinge van die lewe vreesloos aanvat en ander motiveer om beter te wees! Sy verlig elke vertrek met haar glimlag en die liefde wat sy uitstraal. Ons kyk op na 'n Randjie-dogter, want sy is reg om die wêreld 'n beter plek te maak! Dankie vir wie julle is.

KULTUUR

DANS

STARS OF THE UNIVERSE

Twee van ons leerders het Suid-Afrika onlangs by die *Stars of the Universe Performing Arts International Cup* verteenwoordig en behaal uitstekende presasies in die dansafdeling. Twintig lande het aan hierdie kompetisie deelgeneem. Beide dogters ontvang hulle F.P.A.S.A (*Federation of Performing Arts South Africa*) **nasionale kleure.**

Janique Kruger (gr. 9):

Solo: Hip Hop – Goud
Solo: Tap – Goud
Solo: Lyrical – Goud
Solo: Jazz – Goud

Arnel Swart (gr. 11):

Solo: Hip Hop – Goud
Solo: Open – Goud
Solo: Jazz – Goud



Baie geluk! Ons is baie trots op julle twee sterretjies!

KOOR

Die koor het op 13 Februarie 'n bietjie gees gebou! Dogters moes soos hulle pa's aantrek en die seuns soos hulle ma's! Ons het soms gelê soos ons lag en daar is wenners aangewys. Na al die lawwigheid het ons weer hard aan die liedere vir ons eerste optrede op 25 Februarie gewerk.

FOTOGRAFIE

Baie welkom by die Randjie fotografieklub. Juf. Emogene en Mnr. Jan sien daarna uit om vanjaar saam met julle deur die kameralens te reis.

Ons eerste byeenkoms was op Donderdag, 1 Februarie. Hier het ons met ons gunsteling vakansiefoto's gespog. Baie dankie aan die 15 lede wat hul foto's ingeskryf het. Elke foto het 'n opwindende, rustige en onvergeetlike "sekonde" van jul vakansie.

Die lede van die fotografieklub het met behulp van 'n aanlyn-stemproses hul medelede se foto's beoordeel en vir hul gunsteling vakansiefoto gestem. So is die tien beste foto's geïdentifiseer wat hier onder gesien kan word. Die klub se gunsteling foto, 'n landskapsonsondergang, is deur Leigh-Anne Powell (gr. 9) geneem. Baie geluk, Leigh-Ann!

Die fotografieklub vergader weer op 29 Februarie. Die tema vir hierdie maand is Liefde is ... / Geluk is ...

Ons nooi al die lede, en ook enige iemand wat nog belangstel, om hul foto's in te skryf. Ons wil so veel moontlik deelname sien.



Leigh-Anne Klub se gunsteling vakansiefoto!



Top 10 foto's geneem deur:

1. Leigh Anne Powell (gr. 9)
   - Landskapsonsondergang
   - Olifant
2. Karla Reyneke (gr. 9)
   - Blomme
3. Kara Marais (gr. 9)
   - Dolfyne
4. Keila Graaff (gr. 12)
   - Pienk wolke
   - See uitsig
   - Bote op die see
5. Nina Novella (gr. 12)
   - *Scaly Creatures*
   - *Merry Drinking*
   - *Christmas mole*



Top 10 foto's

AFHAAL VAN LEERDERS WEENS SIEKTE OF AFSPRAKE TYDENS SKOOLURE

Die volgende prosedures geld en ons versoek dat ouers asseblief streng hierby sal hou. Indien 'n leerder by die skool afgehaal moet word weens 'n afspraak van watter aard ookal, word u versoek om 'n brief te skryf met die leerder se naam en van, rede vir afhaal en tyd wanneer en wie hom/haar by die skool kom afhaal duidelik daarop aangedui. Hierdie brief moet deur mnre. Knoetze of Vosloo geteken word.

Die leerder hou die brief totdat dit tyd is om die klas te verlaat, toon dit aan die onderwyser en meld aan by ontvangs om uit te teken. Die ouer meld op die bespreekte tyd by die hoofhek aan om die kind te ontmoet.

**** Let wel: Leerders mag nie oor die interkom uit klasse geroep word nie ****

Indien 'n leerder siek word by die skool, móét hy/sy na ontvangs gaan waar Ria Hoar die nodige sal doen. *Leerders word versoek om asb. nie self ouers te kontak nie. In geval van siekte sal die skool u dadelik in kennis stel.

Leerders wat voor 10:00 uur uitgeteken word, sal afwesig gemerk word.

U samewerking in dié verband word opreg waardeer.

Vir afwesighede, vul asseblief die *Google* vorm voor 08:00 op dag van afwesigheid in: https://bit.ly/HSRBDV2020

Klerebank

Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15 oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

***LO-Klere en Sweetpakke slegs by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!* Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met Me. Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!**

Randjie Gebedswag

(Randjie-ouers & -onnies wat bid)

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Woensdag-oggende vanaf **07:30 tot 8:30**. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Elizabeth van Aswegen** by **083 626 2202** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.

CSV

Elke Woensdag, tweede pouse in T13.
Almal is welkom.

PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders 'gou-gou' op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.** **Prosedure**: Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.

Algemene reëls vir parkering:

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

****

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.

ADVERTENSIES



WOENSDAE 12:30 – 14:15

Kaartbetalings alleenlik na 14:00

NETJIESE WOONSTEL TE HUUR

'n Netjiese en moderne afsonderlike woonstel (66m²) by huiskantoor te huur vir jong werkende enkellopende of egpaar in die Cresta/Darrenwood area. Die woonstel is onmiddellik beskikbaar.

Die huur van R7 250 per maand sluit in.

- Privaat onderdak parkering.
- Elektriese heining en eie alarmstelsel in woonstel dra by tot beveiliging, water en ligte. Die woonstel is ingeskakel by die huiskantoor se sonkragstelsel.
- Wifi deur optiese veselkabel.

Minimum jaar ooreenkoms, geen troeteldiere en deposito is betaalbaar.

Kontak: Jan by 083 630 6187 of Merene by 082 783 2661

Advertensies

NINA'S TUTORING ROOMS
AFRIKAANS FAL

✓ AFRIKAANS EERSTE ADDISSIONELE TAAL

40 minute per klas

Aanlyn klasse

Aandklasse

Vir ouderdom 13 - 18

Graad 7 - 9 Dinsdagaande
Graad 10 to 11 Woensdagaande
Graad 12 Donderdagaande

Niena van Aswegen
B.Ed (Hons)
25 jaar ondervinding

SPESIALISEER IN:

- ✓ HUISWERK
- ✓ EKSAMEN VOORBEREIDING
- ✓ KURRIKULUM ONDERSTEUNING
- ✓ LEES EN BEGRIPSVAARDIGHEDE

VEREISTES:
stabiele internet, oorfoonapparaat met mikrofoon

nienavanaswegen@gmail.com

Made with PosterMyWall.com

GO
BUY
MOVING CAN BE DIFFICULT.
SELLING NEVER SHOULD BE.

JOU OMGEWING SPESIALIS

• Randpark • Fontainebleau • Malanshof
• Ruiterhof • President Ridge • Moret
• Windsor Glen • Robin Hills • Robindale

Ons kliente is die hart van ons besigheid.
Ons verseker die beste waarde, meeste gemoedsrus op die maklikste manier.

Anton Pretorius
083 677 3747
anton.pretorius@everitt.co.za

CHAS EVERITT
INTERNATIONAL PROPERTY GROUP

Hulp met Rekeningkunde

Graad 8 tot 12

Kontak by Wouter Schoeman

Tel: 082 754 1024

ERNA BISSCHOFF (PTY) LTD

HET JY HULP NODIG MET WISKUNDE?

My metodes kan jou help om beter punte te behaal.

KABV KURRIKULUM GRAAD 8-12

Kontak Erna vir meer inligting.

Sel: 0796567764

Epos: ernabiss@gmail.com

011 792 2555

Dr Ryno de Vos

www.lacouronnedental.com

Februarie 2024

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
29	30	31	**1** Toets 1 Netbal: Ouervergadering in skoolsaal 18:30 Swem: Gala @ H/S Bryanston Dogterskrieket: vs Orange Farm (t) liga	**2** Verjaar: K Kasselman Seunstennis: Liga A vs Helpmekaar (w), C vs St Peters (w) Atletiek: Montana (w) Krieket: Liga vs Steyn City Roadshow: Fairland	**3** Krieket (mbw)	**4**
5 Toets 2 Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Monday Night Lights Seunstennis: D vs KHS (w) Rugby: Ouervergadering LO saal 18:00	**6** Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Fairland tennis 14:00-16:30 (HSRB)	**7** Toets 3 Krieket: Johny Waite vs Jeppe o/15 & 1stes (t) o/16, 2des en 1stes (w) Atletiek: Noordheuwel Top 15 Dogterstennis Liga: Rodean (w) Krieket o/14: St Davids (w)	**8** Swem: Gala @ Curro Aurora Skiet: Ouerinligtingsvergadering 18:00 A6	**9** Toets 4 Atletiek: Prestige @ UJ Seunstennis: Liga Bloedskenk HSRB 09:00-13:00	**10** Krieket: Liga vs St Davids o/14&o/16 (t) o/15 & 1stes (w)	**11**
12 Verjaar: A Steenekamp S Koutsouradis Toets 5 Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Monday Night Lights Roadshow: Bryanston 07:30 Seunstennis: D vs Summerhill (t) Janco Kotze (Bedryfsielkundige) alle afrigters 14:15-15:00	**13** Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Atletiek: Prestige Top 10 Dogterstennis Liga: King David Linksfield (t)	**14** Krieket: Johny Waite vs Northcliff	**15** Toets 6 Swem: Gala @ Trinity House Randpark Individuele Fotodag	**16** Seunstennis: Liga (mbw)	**17** Verjaar: P Els, C Snyman Krieket: Liga vs PBHS Valentynsbal 18:00-23:00 Curro Podium Finaal SANESA Ruitersport Gauteng-Wes Kwalifiserende Byeenkoms 1	**18** SANESA Ruitersport Gauteng-Wes Kwalifiserende Byeenkoms 1
19 Verjaar: G Marshall Toets 7 Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Monday Night Lights Gr 7 Ouerinligtingaand Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	**20** Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Dogterstennis Liga: St. Mary's (w) Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00 Speech Guild: Gr 12 Northcliff 19:00	**21** Toets 8 Krieket: Johny Waite Reserwe dag Atletiek: Distrik Netbal: Beginners afrigterskursus (t) Gr 8 & 9 Prysuitdeling 18:30 Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	**22** Verjaar: Lucky Tsiane Netbal: Advanced Rule discussion (skoolsaal) Gr 10 & 11 Prysuitdeling skoolsaal 18:30 Swem: Gala @ Northcliff HS Roadshow: Louw Geldenhuys 09:00 Fairland tennis (5 bane) Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	**23** Atletiek: Noordheuwel Seunstennis: Liga (mbw) Roadshow: Unika Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	**24** Krieket: vs Affies Netbal: Distrik toernooi 08:00-17:00 (t)	**25** Koor Soiree 15:00 Ouditorium
26 Toets 9 Nominasies vir BL - Verkiesing Open Registrasie week vir stemgerigdige ouers Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Monday Night Lights Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00 Bloedskenk HSRB 09:00 – 13:00	**27** Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Swem: Interhoër @ Curro Aurora 13:00 Dogterstennis Liga: St Stithian's (t) Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	**28** Atletiek: Interhoër Pilditch Krieket: Johny Waite Uitspele Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	**29** Netbal: Distrik Netbal praktiese skeidsregters werkswinkel (t) 14:30 Wintersportoefen rooster tree in werking Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00 Speechguild: Gr 9 HSRB 19:00	1	2	3

Maart 2024

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
26	27	28	29	**1** Verjaar: L Knoetze Nominasies vir BL verkiesing sluit 12:00 Kieslys word opgestel Netbal: KHS BOW Netbaltoernooi Seunstennis: Liga (mbw) Gr 12 Loopbaan uitstalling 13:00-15:00 Atrium Skiet: Int Prov. Sr. (HS Florida) Atletiek: Gauteng Skole Roadshow: Fonties 11:15 Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	**2** Verjaar: Andrew Sigonde Netbal: KHS BOW Netbaltoernooi Seunstennis: Seuns Interhoër Sr. (mbw) Skiet: Int Prov. Sr. (HS Florida) Atletiek: Gauteng Skole Rugby: Oefening alle spanne	**3**
4 Toets 10 Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Advance Coaching (t) Netbal: Monday Night Lights Gr 9 Computer Talent Search 4-8 Maart BL-verkiesing Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	**5** Netbal: Distriksproewe 14:30 o/12-o/14 (t) Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Swem: Prestige @ St Stithians Nuwe BL aankondiging Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	**6** Verjaar: N Mertz-Breet Netbal: Distriksproewe 14:30 o/15-o/18 (t) Krieket: JW Finaal Swem: Prestige Gala @ St Stitians Seuns Hokkie Wes Rand Liga: Helpmekaar Kollege (t) Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00 Speechguild: Gr 11 Broadacres Acadey H/S 19:00	**7** Verjaar M Raubenheimer Toets 11 Netbal: Distriksproewe 14:30 o/14-o/18 (t) Indien dit gereën het Seuns Hokkie: Distrik proewe rondte 1 (w) BL-vergadering 18:30 (kies ampsdraers) Speechguild: Gr 8 Northcliff 19:00	**8** Sr. Toets 07:00-08:00 Netbal: Kamp te Zwartkloof vertrek 10:00	**9** Netbal: Kamp te Zwartkloof Rugby: Proewe Seuns Hokkie: Distrik proewe rondte 2 (w) M.B.T. Kursus Gr 12 Skoolsaal 08:00	**10** Verjaar: I Wagenaar Kooroptrede: FGK 09:00 Netbal: Kamp te Zwartkloof
11 Toets 12 MMS Ensemble Konsert 18:30 Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Laerskool akademie begin vir 2024 Netbal: Monday Night Lights Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00 Speechguild: Trophy Team De la Salle 19:00 Distrik Netbal Skeidsregter Reël eksamen in LO saal. 15:30 tot 18:30.	**12** Verjaar: M Mac Donnell Opedag Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	**13** Verjaar: G Labuschagne MMS Ensemble Konsert 18:30 Speechguild: Individual Speaker Northcliff 19:00	**14** Toets 13 (Gr 11 Skryf ook Gelets) Punte in Netbal: ID2-Proewe o/12-o/18 14:00 (t) Indien dit gereën het MMS Ensemble Konsert 18:30 Old Mutual Wiskunde Olimpiade Rondte 1: 14:00–15:00 (t) Seunshokkie: Crawford Sandton Drama uitstappie: Gr 10-12 Mark teater 08:00	**15** Gr 9 aanlegtoetse Rugby,Netbal & Hokkie vriendskaplik vs Midstream College (w) Netbal: JOMO o/18 proewe te Crawford	**16** Rugby,Netbal, Hokkie en kleinsporte soos gereël vriendskaplik vs Midstream College (w) Netbal: JOMO o/18 proewe te Crawford, Indien dit gereën het ATG Karate : Atrium 17:00	**17** Verjaar: T du Plessis Kooroptrede: Domus Dei Randburg Suid 09:00
18 Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Puntestrokies kontroleer Netbal: Jomoproewe o/14-o/17 te Crawford Ruimsig Netbal: Monday Night Lights	**19** Verjaar: C de Beer, N Mouton Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Netbal: JOMO proewe o/14-o/17 Indien dit gereën het	**20** **Skool Sluit** **Rapporte** Netbal: Menlo Openingsfunksie Seuns Hokkie: Laaste rondte distrik proewe (w)	**21** **Menseregtedag** Netbal: Menlo-fees A-spanne Toernooi Netbal HS Randburg B- en C- span toernooi (t)	**22** Netbal: Menlo-fees A-spanne Netbal HS Randburg B- en C- spanne toernooi (t) Skiet: GSSU Liga 1 (t)	**23** Netbal: Menlo-fees A-spanne Netbal HS Randburg B- en C- spanne toernooi (t) Skiet: GSSU Liga 1 (t)	**24** Netbal: Menlo-fees A-spanne
25 Verjaar: I Stevenson, S Steyn Bosveld hokkie week toer Juniors: Ben Viljoen	**26** Bosveld hokkie week toer Juniors: Ben Viljoen	**27** Netbal: Easterfest 1stes Rugby: o/16 Jeppe Festival Bosveld hokkie week Juniors: Ben Viljoen	**28** Verjaar: K Hoogendoorn Netbal: Easterfest 1stes Rugby: o/16 Jeppe Festival Rugby: 1stes & 2des KHS Best of West Festival Rugby: o/14 Parktown festival	**29** **Goeie Vrydag** Rugby: o/16 Jeppe Festival Rugby: 1stes & 2des KHS Best of West Festival	**30** Netbal: Easterfest 1stes Rugby: o/14 Parktown festival Rugby: o/16 Jeppe Festival Rugby: 1stes & 2des KHS Best of West Festival ECHS hokkie toer Seniors: Bloemfontein	**31** Rugby: 1stes & 2des KHS Best of West Festival ECHS hokkie toer Seniors: Bloemfontein